**20 Julie** **Skrifgedeelte: Matteus 10:32-39**
**Fokusgedeelte: Matteus 10:38**

## Moenie bang wees om God te bely nie

Dikwels hoor ons iemand gelate sug: “Ja, elkeen van ons het maar sy kruis wat hy moet dra in die lewe.” Opmerklik dat dit dikwels die klein irritasies van die lewe is wat ons “kruis” gedoop het. Is die kruis waarna hier verwys word een of ander las wat deur die lewe saamgesleep moet word?

*Kruisdra* verwys na die wyse waarop die Romeine in daardie tyd teregstellings gedoen het. Nadat iemand ter dood veroordeel is moes hy self sy kruis na die plek van teregstelling toe dra. Om jou kruis te dra, het dus beteken dat jy ter dood veroordeel is. Die Here Jesus waarsku in hierdie gedeelte sy dissipels dat hulle deur die ongelowige wêreld vervolg en selfs ter dood veroordeel sou word omdat hulle glo. Om my kruis op te neem beteken dus dat ek bereid is om my lewe op te offer ter wille van die evangelie.

Die bemoediging is dat slegs God die mag oor die lewe in sy hand hou. Mense kan wel die liggaam (wat in elk geval besig is om te sterf) doodmaak. Die ware lewe wat God gee kan hulle egter nie skade berokken nie. Daarom word ons bemoedig dat ons sonder vrees ons lewe kan opoffer onder vervolging, omdat ons lewe veilig in die hand van God is. Wie God verloën om sy lewe te probeer behou sal dit verloor, maar wie bereid is om selfs sy lewe af te lê ter wille van die eer van God sal lewe tot in ewigheid.

*Sing: Skrifberyming 15-7:2, 4* *Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)*